
Storiesterre vir Klein Harte

Jesus se Sambreel



ANNABEL LIVERSAGE



Jesus se Sambreel

“Santjie!”
“Ja, Mamma?”
“Santjie, wil jy saam winkel toe gaan?”
“Asseblief, Mamma! Ek trek net gou my skoolklere uit!”
’n Rukkie later sit sy kiertsregop langs haar mamma op pad dorp toe. Hulle kry lekker parkeerplek onder ’n groot koelteboom.

Hand aan hand stap hulle deur die dorp en kyk verwonderd na al die mooigoed in die winkelvensters. Hulle het net paar dinge op Mamma se lysie, maar dis altyd lekker om rond te kyk.





“Mamma, kyk dáár!” roep Santjie opgewonde. “O, is dit nie mooi nie?”
Mamma draai haar kop. “Wat sien jy, my hartjie?”
“Daai sambreel met al die kleure in die venster! Dis soos ’n reënboog!”
Mamma kyk ’n oomblik na die kleurvolle sambreel. Dit is werklik pragtig, maar hulle het nie regtig geld vir sulke goed nie. En wat sal Santjie nou met ’n sambreel maak?

“Mamma,” sê Santjie, “die oom by die Sondagskool het van ’n sambreel vertel en wat die kleure beteken!”
Mamma sien die opgewondenheid in haar dogtertjie se oë. “Reg, my skat, ek sal dit vir jou koop. Maar jy moet my mooi vertel wat daardie kleure beteken.”
“Ek sal, ek belowe!” sê Santjie. “Maar kan ek nou al begin?”
“Nee, wag eers tot ons by die huis is. Ons moet nog die kruideniersware koop.”
Na hul inkopies gaan drink hulle koffie en eet sjokoladekoek by ’n nuwe klein restaurantjie.





Voordat hulle huis toe ry, gaan sit hulle eers vir ’n rukkie saam op ’n bankie in die park; en gesels land en sand. Santjie hou haar sambreel styf vas; sy kan nie wag om álles te vertel nie.

By die huis help sy fluks om die inkopies uit te pak.





Toe hulle klaar is, bring Mamma
twee glase koue suurlemoensap en sê:
“Kom ons gaan sit op die rusbank.
Nou kan jy my alles vertel.”


Santjie spring weg met haar storie.
“Het Mamma geweet dat Jesus se genade soos ’n sambreel is? Elke dag wandel ons saam met Hom onder sy groot sambreel van genade. Hy beskerm ons, net soos Hy elke dag vir die voëltjies sorg.”
“Maar as ons onder Jesus se sambreel uitbeweeg, dan het ons GROOT probleme. Dan is ons alleen.
Dis soos wanneer dit reën en ons het die sambreel by die huis vergeet. Ons word sopnat en alles gaan verkeerd.”





Mamma knik. “Dis baie waar, my kind.
Maar hoekom wou jy juis die sambreel hê?”
“Dis maklik, Mamma. Die oom by die Sondagskool sê elke kleur het ’n betekenis in die Bybel.
Jesus het nie verniet kleure gemaak nie!” Dit laat my altyd aan die reënboog dink; ná ’n lekker bui reën...
Santjie tel haar sambreel op en begin wys:

“SWART beteken dat ons hart nog vol sonde is en ons nog nie saam met Jesus onder sy sambreel leef nie.
ROOI is die kleur van Jesus se bloed toe Hy aan die kruis gesterf het; vir al ons sondes en siektes.
GROEN beteken ons het nuwe lewe gekry en ons kies nou om saam met Jesus te wandel.
WIT wys dat ons nou skoon en rein is in Jesus se oë.
GOUD beteken God is besig om ons te suiwer, soos goud in ’n oond. Hy wil hê ons moet rein wees. Dit is wanneer ons leer om nie te jok nie. Of om nie ander se goed te vat, soos Bennie wat Kosie se geld gesteel het nie.”
Mamma glimlag. “Dis pragtig, my kind. Maar daar’s nog meer kleure...”
“Moenie bekommer nie, Mamma, ek onthou!” sê Santjie opgewonde.
“PERS beteken ons is konings en priesters in diens van Jesus.





GEEL is fees! Dis die vreugde in ons harte vir alles wat Jesus vir ons gedoen het.
Daar's nog baie meer kleure," sê sy, "maar dis dié wat ek nou kan onthou."
Mamma glimlag breed. "Dis wonderlik, Santjie. Jy het mooi geluister."

Santjie vou haar sambreel oop.
“Mamma, dis nie net ’n gewone
sambreel nie. Dit is Jesus se sambreel
— en onder dit is ek veilig.”

Slotgedagte

“Wanneer ons, ons harte vir Jesus
gee, beskerm Hy ons! Ons hoef nooit
en vir niks bang te wees nie!”
Op die regte tyd is daar altyd ’n
antwoord!

